

Vraag:

Kan ek alle lidmate op my databasis as "onaktief" merk en dan slegs die wat tans in die gemeente is as "aktief" merk?

Antwoord:

Ek dink elke gemeente in die land sal dit graag wil doen, **maar kan ongelukkig nie**. Die rede daarvoor is hoofsaaklik dat mens moet verstaan wat presies die betekenis van die term "Onaktief" in Winkerk is. Om dit meer in perspektief te stel wil ek graag verwys na die term wat ons in Winkerk 6 vir hierdie groep mense gebruik het. In Winkerk 6 was die term "Vertrek Sonder Bewys". Dit is dus 'n lidmaat wat getrek het, maar wie se bewys van lidmaatskap nie aangevra is nie. Dit beteken dus dat hoe graag ons van sulke inskrywings op ons databasis "ontslae" wil raak, kan ons dit ongelukkig nie doen nie, omdat daardie lidmate nog onder die opsig en tug van die kerkraad staan want hulle is nog op die register lidmate van die gemeente.

Die groot probleem waarmee ons nou sit is "oorgeërfde" sondes van die vadere. Kerkrade en kerkpersoneel het in die verlede nooit moeite gedoen om uit te vind waarheen sulke lidmate gaan nie en daarom sit ons vandag in alle gemeentes met massas sulke inskrywings op ons registers.

Die belangrikste les wat ons hieruit moet leer is dat ons as huidige skribas en kerkrade, moet intensief moeite doen om uit te vind waar 'n lidmaat hom of haar bevind, alvorens ons hulle "onaktief" merk.

Die belangrikste instrument wat Infokerk nou vir gemeentes gee om sulke lidmate in hulle regte gemeentes te kan plaas is "Winkerk Online". Met Winkerk Online kan daar wanneer daar na iemand se attestaat gesoek word, op die "Sentrale Databasis" van Infokerk gesien word of 'n lidmaat dalk in 'n ander gemeente se onaktiewe register is, en kan die persoon dan wel van daardie gemeente aangevra word.

Voorstel vir hantering van hierdie lidmate:

1. Gebruik die meelewing funksie om aan alle lidmate 'n meelewingsaktiwiteit toe te ken wat jy iets noem soos "Onvolledig" of selfs "Onaktief"
2. Doen dan 'n sensusopname of enige ander aksie om vas te stel wie van die inskrywings op die databasis fisies nog in die gemeente.
3. Sodanige lidmaat se meelewingsaktiwiteit moet dan by die persoon se naam weggevat word.
4. Die lidmate wat dan oorbly is die mense wat tans nie in die gemeente is nie.

Alternatiewelik kan daar net aan die lidmate wat tans in die gemeente is, 'n meelewingsaktiwiteit toegeken word.

BAIE BELANGRIK.

Gemeentes moet 'n intensiewe poging aanwend om te probeer vasstel waar die "onaktiewes" is.

As deel van hierdie soektog, is dit baie belangrik om eers vas te stel of 'n onaktiewe lidmaat regtig ingeskryf was in die register. **Doen die volgende toets:**

Kyk na die aangehegte "Screen Capture". Kies alle "Belydende" lidmate wie se bewys van lidmaatskap nie ontvang is nie, wat in die onaktiewe register voorkom.

Selekteer
✕

Stet	Lidmaatstatus	is	Belydend
Stet	Bewysstatus	is nie	Ontvang
Stet			
Stet			
Stet			
Stet			
Stet			

Meelewing

Stet			<input type="radio"/> EN <input type="radio"/> OF
------	--	--	--

Gawes

Stet			<input type="radio"/> EN <input type="radio"/> OF
------	--	--	--

Passies

Stet			<input type="radio"/> EN <input type="radio"/> OF
------	--	--	--

Behoort aan groep ...

Groep rol

Mympaal

Persoon is 'n gesinshoof

Almal met selfone

Almal met e-pos adresse

Afgehandel

Beide
 Afgehandel
 Nie Afgehandel

Geslag

Beide
 Manlik
 Vroulik

Status

Beide
 Aktief
 Onaktief

Stoor |
 Herstel |
 OK |
 Kanselleer

Sulke inskrywings kan doodgewoon verwyder word van jou databasis af. As daar baie sulke inskrywings op die databasis is, en jy nie kans sien om hulle een vir een te verwyder nie, kan jy ons kontak dat ons dit vir jou doen. Daar mag dalk 'n geringe fooi aan verbonde wees.

'n Belangrike hulpmiddel in jou proses om "onaktiewes" op te spoor is natuurlik die gebruik van Winkerk Online. Met Winkerk Online word die "misbruik" van kerklike voorskrifte duidelik aan die lig gebring, omdat ons baie "duplikaat" inskrywings opspoor. Gemeentes wou nie moeite om uit te vind waar 'n lidmaat is nie, en dan word die lidmaat sommer by hulle ook ingeskryf, al is die persoon op die databasis van 'n ander gemeente.

Ten slotte:

As alle gemeentes moeite doen om uit te vind waar "onaktiewes" op hulle data hulle bevind, behoort ons almal saam die monster te kan uitroei.